

Hoofstuk van die dag: Galasiërs 3

Julle Galasiërs, is julle dan so sonder begrip? Wie het julle verstand benewel? Jesus Christus is tog so duidelik aan julle verkondig dat julle Hom as ’t ware aan die kruis kon sien hang! (vers 1)

In die meeste van sy briewe is Paulus nogal diplomaties. Hy het geglo ’n sagte antwoord laat die woede bedaar (Spr 15:1), maar wanneer dit by die onvervalste evangelie kom, was hy onwrikbaar in sy standpunt en nie bang om selfs skerp te skryf nie. Hy vermaan dié wat die boodskap van Christus verwater sodat hulle hulle tradisies kan handhaaf, sonder omhaal van woorde. Die Joodse reinigingsreëls en besnydenis het vir hulle swaarder geweeg as die evangelie van verlossing.
Dit kan met ons ook gebeur. Dan tel ons tradisionele standpunte swaarder as die waarheid van die Woord, al glo baie mense dat hulle juis in die vasklou aan hulle standpunt die Woord eer. ’n Nuwe verstaan van wat Jesus kom leer het, word dan summier verwerp. Te dikwels is mense boonop te bang om sterk standpunt hierteen in te neem, want hulle wil nie aanstoot gee nie.
’n Leerbare gees – dís wat ons nodig het om in nuwe omstandighede steeds die onvervalste evangelie van Jesus Christus te leef.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026